

## DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG IN WÊRELDVERBAND

**Prof. G.D. Scholtz**

### III

#### DIE OORLOG IN AL SY FASETTE

8

##### *Tyd en Ruimte*

Oorlog, so het die beroemde Duitse strateeg C. von Clausewitz dit geformuleer, is 'n voortsetting van die politiek met ander middele;<sup>1</sup> 'n Oorlog is die uitvloei van politieke opvattingen en verhoudinge wat in 'n besondere stadium van die geskiedenis volke en state beïnvloed het. Soos dit met alles waarby die mens betrokke is, die geval is, moet 'n oorlog steeds in die eerste plaas in die omlysting van tyd en ruimte gesien word. In welke stadium van die geskiedenis het 'n oorlog gewoed en waar het dit plaasgevind?

Soos reeds in die vorige aflewering vermeld is,<sup>2</sup> het die Tweede Vryheidsoorlog aan die einde van die negentiende eeu ontstaan in die tydperk van die imperialisme. Politiek en ekonomies sou die imperialisme van die Westerse moondhede die lotgevalle van die mensdom as geheel diep beïnvloed. Op sy beurt was die imperialisme die uitvloei van ander faktore wat hulle reeds in die agtiende eeu begin openbaar het. Die imperialisme was die vrug van twee revolusies.

Die eerste is die Franse Revolusie. Daaruit het veral twee faktore voortgekom wat vir die Westerse kultuur en beskawing gedurende die negentiende eeu van beslissende betekenis was: die nasionalisme en die volksleer.

Die nasionalisme was 'n ideologie wat betreklik spoedig selfs die kleinste Europese volk besiel het. Die nasionalisme het gestreef na die handhawing en uitbouing van die identiteit van 'n bepaalde volk. As sodanig het dit die politiek op besonder kragtige wyse beïnvloed. Dit sou met verloop van tyd ook ander elemente in hom opneem, bv. die beginsel waarop die evolusieleer van Darwin gerus het, nl. "the struggle for existence" and "the survival of the fittest". Mense het hul eie volk begin sien as gewikkel in 'n ewigdurende stryd om die bestaan teen ander volke. En hulle het hul eie volk gesien as dié een wat oor al die eienskappe beskik het om in hierdie stryd om die bestaan oor die ander te seëvier. Van die nasionalisme het die weg direk na die imperialisme gevoer.

Die ander faktor wat die Franse Revolusie gebring het, die volksleer, het in intieme verband tot die nasionalisme gestaan. Sedert die dae van die Renaissance in die sesstiende eeu het die leermagte uit huurlinge bestaan. Manne wat vir haas nik gedeug het nie of wat bloot avonturiers was, het die

---

1. C. von Clausewitz: *On War*, I (Engelse vertaling, Londen, 1940), boek I, hoofstuk I, paragraaf 24.  
 2. Historia, 20(1), Mei 1975, pp. 2 – 33.

grootste deel van 'n leermag uitgemaak. Hieraan het die oorloë wat uit die Franse Revolusie ontstaan het, 'n einde gemaak. Voortaan sou in vrywel alle Westerse lande elke weerbare man ook 'n tyd van militêre opleiding ondergaan. Dit het veroorsaak dat die meeste van hierdie lande oor groot staande leërs beskik het. En namate daar meer spanning en wrywing tussen hulle ontstaan het, het ook die getalsterkte van die leermagte toegeneem. Die staande leërs van die vernaamste moondhede in 1898, 'n jaar voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, was as volg: Rusland, 860 000 man, met 3 400 000 man indien oorlog sou uitbreek; Duitsland, 585 000 man, met 3 900 000 op oorlogsvoet; Frankryk, 676 000 man, met 3 975 000 man indien oorlog sou uitbreek; Oostenryk-Hongarye, 397 000 man, met 2 749 000 man op oorlogsvoet; Italië, 185 000 man, met 2 200 000 man op oorlogsvoet. Omdat hy sy vloot as sy vernaamste oorlogswapen beskou het, was Brittanie die uitsondering op die reël van groot staande leërs. Sy leër het nog steeds uit huurlinge bestaan. Die leër in Brittanie self en in die kolonies het uit 171 000 man bestaan. Dit kon desnoods tot 742 000 man opgestoot word.<sup>3</sup>

Die tweede was die Industriële Revolusie. Dit het vir die mens die masjien gebring wat deur natuurkragte soos stoom en elektrisiteit aangedryf is. Geen ander faktor het die lewe van die mensdom gedurende die afgelope twee eeue so diep beïnvloed as die Industriële Revolusie nie. Tussen die ontstaan en die vordering van die Industriële Revolusie en die opkomende kapitalisme sou daar 'n intieme verband bestaan. Hier kan slegs heel kortlik na die militêre aspek van die Industriële Revolusie verwys word. Deur middel van die masjien kon spoedig 'n steeds groeiende wapenindustrie geskep word. Groter en doeltreffender wapens as ooit tevore kon op 'n groter skaal vervaardig word. Hoe groter die wapenindustrie geword het, hoe groter het ook die arsenale geword. En hoe meer wapens in die arsenale was, hoe meer manne kon militêr opgelei word. In die tydperk van die imperialisme het die mag waaraan die vernaamste Westerse moondhede beskik het, sienderoe toegeneem.<sup>4</sup>

Die industrialisasie wat gedurende die negentiende eeu so snel toegeneem het, het tot 'n intensivering van die manier van oorlogvoering geleid. Dit het meer en meer die strategie geword om 'n vyand nie net militêr weerloos te maak nie, maar ook ekonomies. Dit sou gedoen word deur die vernietiging van enige ekonomiese hulpbron wat tot die sterkte van die vyand kon bydra. Dit het veroorsaak dat selfs private eiendom nie ontsien is nie. Fabrieke, stede en dorpe, wonings, vee, voedselvoorrade, ens. is eenvoudig voor die voet vernietig. Die doel was om van 'n land 'n woesteny te maak wat geen bestaansmoontlikheid vir mens of dier gebied het nie. Die teenparty moes sodanig op die knieë gedwing word dat hy bereid sou wees om onvoorwaardelik te kapituleer. En dan moes sy onafhanklike bestaan hom ontneem word.

Met sodanige strategie is tydens die Amerikaanse Burgeroorlog van

3. F.W. Hirst: *The Political Economy of War* (Londen, 1916), pp. 82 – 83.

4. Vgl. hieroor o.a. B.H. Liddell Hart: *The Revolution in Warfare* (Londen, s.j.); J.F.C. Fuller: *Armaments and History* (Londen, 1946); John U. Nef: *War and Human Progress* (Londen, 1950); Hoffman Nickerson: *The Armed Horde* (New York, 1940); Quincy Wright: *A Study of War* (New York, 1944); F.J.P. Veale: *Advance to Barbarism* (Appleton, Wisconsin, 1953).

1861—65 begin. Die suidelike state is totaal verwoes. Hierdie voorbeeld is tydens die Duits-Franse oorlog van 1870—71 nie nagevolg nie. Dit het die Amerikaanse generaal Sheridan teen die Duitse bevelhebbers laat opmerk: "You know how to beat an enemy as no other army does, but you have not learnt to annihilate him. One must see more smoke of burning villages, otherwise you will not finish off the French."<sup>5</sup>

Die voorbeeld wat die Duitsers gestel het, is nie deur die Britte in Suid-Afrika nagevolg nie. Hulle het die Amerikaners tot voorbeeld geneem. Daarom is die Tweede Vryheidsoorlog so 'n belangrike stadium in die ontwikkeling van wat vandag as "die totale oorlog" bekend staan. Die bekende Britse strateeg, kapt. Liddell Hart, skryf hieroor: "Another bend on the downward grade was provided by the South African War. Here, the capture of the capitals of the two Boer Republics failed to bring the war to an end as expected, owing chiefly to the British demand that they must surrender their independence. Such a demand was a departure from custom in conflicts between nations of European origin, and its totality of aim might be regarded as the inauguration of 'total warfare'."<sup>6</sup>

'n Ander Britse strateeg, genl. J.F.C. Fuller, het na die Amerikaanse optrede as "moral retrogression" verwys.<sup>7</sup> Hierdie "moral retrogression" sou tydens die Tweede Vryheidsoorlog 'n nuwe hoogtepunt bereik. Die Tweede Vryheidsoorlog is eenvoudig gevoer volgens 'n beginsel wat die Britse admiraal lord Fisher eenmaal as volg geformuleer het: "It is quite silly not to make war damnable to the whole mass of your enemy's population. When war comes, might is right ...."<sup>8</sup>

Dit was die tydsomstandighede wat as agtergrond vir die Tweede Vryheidsoorlog gedien het. Gesien teen hierdie agtergrond is dit daarom heeltemal verstaanbaar dat die oorlog in Suid-Afrika in sekere kringe gesien is as een van die beste voorbeelde vir die wyse waarop die imperialisme en die kapitalisme stryd veroorsaak het. Om hierdie rede het die Tweede Vryheidsoorlog ook 'n eie plek in die breë wêrelgeskiedenis gekry.

Ook ten opsigte van ruimte het die Tweede Vryheidsoorlog 'n unieke plek gekry. Dit bring 'n mens by die aardrykskunde. Suid-Afrika is in die suidelike halffrond van die aardbol geleë. As sodanig val dit buite die noordelike halffrond waar al die beskawings van die verlede hul oorsprong gehad het en waar alle tans nog bestaande beskawings hul swaartepunte het. In die noordelike halffrond, met name Europa en Asië, het tot onlangs toe vrywel alles plaasgevind wat vandag as geskiedenis bekend staan. Vandag nog is die oorgrote meerderheid van die mensdom in die noordelike halffrond saamgetrek, terwyl maar 'n kleine minderheid in die suidelike halffrond woonagtig is. Vrywel alles wat vandag aan kultuur en beskawing in die suidelike halffrond aangetref word, is daarheen gebring deur mense wat van die noordelike halffrond afkomstig was. Dit lê dan ook voor die hand dat die lotgevalle van die minderheid van die mensdom in die suidelike halffrond

B.H. Liddell Hart: *The Revolution in Warfare* (Londen, s.j.), p.60.

*Ibid.*, p.60.

J.F.C. Fuller: *The Conduct of War* (Londen, 1961) p.107.

F.J.P. Veale: *Advance to Barbarism* (Appleton, Wisconsin, 1953), p.105

grotendeels bepaal word deur die meerderheid in die noordelike halffrond.

Van hierdie feit is die Tweede Vryheidsoorlog ongetwyfeld een van die beste voorbeelde. Soos reeds aangetoon is, kan daar beslis nie beweer word dat die oorsake van hierdie oorlog op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het nie. Die oorlog het in die eerste en laaste plaas uitgebreek omdat Brittanje gevrees het dat sy prestige en aansien deur die snelle politieke en ekonomiese opkoms van sekere ander Westerse moondhede oorskadu sou word. Die oorlog is dus begin om hierdie moondhede te toon dat Brittanje nog net so sterk as in die verlede was.

Die gevolg van die Britse politiek was dat 'n oorlog ontstaan het wat tot dusverre die grootste in die suidelike halffrond was. Die twee groot oorloë van die twintigste eeu het as't ware na die suidelike halffrond oorgespoel, maar hulle het nie hul ontstaan hier gehad nie. Die Tweede Vryheidsoorlog was daarteenoor suiwer tot die suidelike halffrond beperk.

Dit kon beperk word vanweë 'n besondere faktor wat die oorlog moontlik gemaak het sonder dat dit daarby betrokke geraak het. Dit was die Britse vloot wat die see volkome beheers het. Onmiddellik na die begin van die oorlog is Britse oorlogskepe op die roete tussen Europa en Suid-Afrika geplaas om 'n ogie in die seil te hou. Aan die kus van Suid-Afrika het ook Britse oorlogskepe rondgevaar om te verhinder dat kontrabande die republikeinse magte sou bereik.<sup>9</sup> Wel het kol. P.A. Silburn byna tien jaar na die oorlog kon sê: "The Republics were lost on the high seas between the coasts of Great Britain and the shores of Africa. It was the working of that inexorable law — sea-power — which conquered those Republics. It was not the British Army, but the Navy that did it."<sup>10</sup>

Van welke betekenis die beheersing van die see deur die Britse vloot tydens die Tweede Vryheidsoorlog was, blyk duidelik uit 'n geskrif van 'n bekende geopolitikus, sir Halford Mackinder, wat hy in 1904 voor die *Royal Geographical Society* voorgelees het. Hy het dit gehad oor "The Geographical Pivot of History". Daarin het hy o.m. 'n vergelyking getref tussen die Tweede Vryheidsoorlog waarin die Britte ter see 'n afstand van 6 000 myl moes afle om die oorlogstoneel te bereik en die oorlog tussen die Japanners en die Russe in 1904—05 waarin laasgenoemdes dieselfde afstand te land moes afle om die oorlogstoneel te bereik.<sup>11</sup> Die Russe kon al hul soldate per trein oor hul eie bodem vervoer. Die Britte het hul soldate per skip oor die see na Suid-Afrika vervoer. Die Britte het iets meer as 250 000 man nodig gehad om die twee Republieke te verower.<sup>12</sup> Dit was die grootste militêre mag wat Brittanje tot daardie stadium in sy geskiedenis op die been moes bring om 'n oorlog te voer. Dat soveel man oor so 'n groot afstand per skip na die

9. C. Headlam (ed.): *The Milner Papers*, II, pp.12—13; *The War in South Africa*, opgestel deur die Duitse generale staf en vertaal deur kol. W.H.H. Waters, I (Londen, 1904), pp.2—3.

10. Union House of Assembly Debates 1911, kol. 1658.

11. *The Foreign Affairs Reader* (New York, 1947) p.384; *Compass of the World* (New York, 1944) p.161.

12. L.S. Amery (ed.): *The Times History of the War in South Africa*, VI (Londen, 1909), p.257.

oorlogstoneel geneem moes word, was ongetwyfeld vir daardie tyd 'n groot prestasie. Dit was die voorloper van die stelsel in die twee wêreldoorloë om groot getalle soldate per skip van die een deel van die wêreld na 'n ander te vervoer.

### *Biologiese en Geestelike Faktore*

'n Oorlog toets die fisiese en psigiese kragte van 'n volk soos nikanders nie. Aan sowel die volk as geheel as die individu word eise gestel wat soms van die swaarste is. Daar word sowel liggaamlike as geestelike opofferinge geveng. Die biologiese en sielkundige eienskappe van die volk en van die individu word in 'n oorlog as 't ware saamgevleg en kan daarom noulik van mekaar geskei word. Wie die Tweede Vryheidsoorlog in 'n wêrelverband wil sien, moet derhalwe nagaan hoe die klein Afrikaanse volk en die soveel groter Britse volk die toetse van die biologie en die sielkunde deurstaan het. Daar kan begin word met na te gaan hoedanig die manne wat die wapens gedra het, hulle van hul taak gekwyt het.

Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk vermeld van die wyse waarop die politieke denke van die Britse volk in die laaste kwart van die negentiende eeu deur die evolusieleer van Charles Darwin beïnvloed is. Die Britte het, net soos sommige ander Westerse volke, geglo aan "the struggle for existence" en "the survival of the fittest". Alleen volke wat aan hierdie toets of beginsel beantwoord het, het reg op voortbestaan gehad. Wie dit nie kon deurstaan nie, moes noodwendig ten ondergaan en verdwyn. In hierdie lig het duisende Britte dan ook die oorlog in Suid-Afrika gesien. Hier kan met twee voorbeeld volstaan word.

Prof. J.A. Cramb, dosent in Geskiedenis aan die Universiteit van Cambridge, het die oorlog in Suid-Afrika gesien as 'n botsing tussen "the dying principle of Nationality and the principle which ..... is that of the future, the principle of Imperialism". Cramb het dit as sy oortuiging uitgespreek dat die toekoms aan die "imperial races" behoort. Hy het voortgegaan: "In political life, in the life-history of states ..... change and growth, or what we now name Evolution, are perpetual, continuous, unresting. The empire which has ceased to advance has begun to recede. Motion is the law of its being, if not towards a fuller life, motion towards death. Thus in a race dowered with the genius for empire, as Rome was, as Britain is, Imperialism is the supreme, the crowning form, which in this process it attains. The civic, the feudal, or the oligarchic State passes into the national, the national into the imperial, by slow or swift graduations, but irresistibly as by a fixed law of nature."<sup>13</sup>

Nog 'n Britse geleerde, prof. Karl Pearson, het die Tweede Vryheidsoorlog ook in verband met die evolusieleer van Darwin gebring. Hy het in 1900 geskryf: "History shows me one way, and one way only, in which a state of civilization has been produced, namely, the struggle of race with

race, and the survival of the physically and mentally fitter race. This dependence of the survival of the fitter race, terribly black as it may seem to some ..., gives the struggle for existence its redeeming features; it is the fiery crucible out of which comes the finer metal ..... The path of progress is strewn with the wreck of nations; traces are everywhere to be seen of the hecatombs of inferior races, and of victims who found not the narrow path to greater perfection."<sup>14</sup>

Selde het die Britte in hul opvatting oor die politiek so 'n skok gekry as wat hulle met die Tweede Vryheidsoorlog toegedien is. Hoewel die oorlog nog nie die einde van die rol van die Darwinisme in die politiek beteken het nie, het dit nietemin die valsheid daarvan duidelik aan die lig gebring. Die Britte het in die onoorwinlikheid van hul leér geglo. Hoe kon 'n handjievol veeboere wat geen noemenswaardige militêre opleiding geniet het nie, dan ooit bestand wees teen die deeglik opgeleide en goed gedissiplineerde Britse soldate? So het miljoene Britte hulself aan die begin van die oorlog afgevra. Dit was daarom dat die reeks nederlae wat die Britse magte aan die begin van die oorlog gely het, so 'n ontnugterende uitwerking gehad het. Vir die Britse volkstrots was dit diep vernederend.

Om die posisie wat so ontstaan het, behoorlik te begryp, moet in gedagte gehou word dat die Britse volk aan die einde van die negentiende en die begin van die twintigste eeu nog 'n sterk klassebewussyn gehad het. Soos haas nêrens elders in Europa nie is die Britse volk in klasse verdeel wat nouliks enige maatskaplike kontak met mekaar gehad het. 'n Hedendaagse Britse historikus konstateer: "Edwardian society was marked by vast inequalities and by rigid class distinctions."<sup>15</sup> Die adel wat destyds nog so 'n belangrike rol in die politiek gespeel het, en die hoër middelklas wat vir die ekonomiese welvaart van Brittanje verantwoordelik was, het in alle opsigte die toon in die volkslewe aangegee. Binne hul eie geledere het die Britte ook die groot beginsel van die evolusieleer van Darwin gehuldig. "The struggle for existence" het klasseverskille in die hand gewerk. Die mense wat tot die laagste klasse behoort het, was diegene wat in die stryd van die lewe nie die mas kon opkom nie. Die hierbo aangehaalde historikus skryf voorts: "Definitions of this separate working class are difficult to find. To meet a member of it was to recognize him at once, by his appearance, by his smell, indeed by his size, since widespread malnutrition resulting from working-class poverty meant that he was characterised also by his small stature. In 1900 the minimum height for recruits to the British Army had, with a revealing realism, been fixed at five feet."<sup>16</sup>

Hierdie kort uitweiding is noodsaaklik om te begryp waaraan die Britse leeraanvoerders hul swak vertonings gedurende die Tweede Vryheidsoorlog toegeskryf het. Een en almal het dit gesoek by die gewone soldaat wat nie oor die fisiese en ander eienskappe beskik het om hom die gelyke van die republikeinse burger te maak nie. Van die groot nederlaag wat op 30 Oktober 1899 by Ladysmith deur die Britte gely is, het die skrywer van *The Times*

14. Aangehaal in *Journal of Contemporary History*, 8 (1), Januarie 1978, p.29.

15. John Marwick: *Britain in the Century of Total War* (Londen, 1968), p.36.

16. *Ibid.*, p.37.

*History of the War in South Africa* getuig: "The battle of Ladysmith was the first engagement on a large scale between British troops and Dutch burghers, and the first in which the two military systems were fairly matched against each other. And it showed conclusively that in the open field 12 000 British troops were not a match for an equal number of Boers."<sup>17</sup> Nog tydens die oorlog het 'n offisier wat daaraan deelgeneem het, kol. E.A. May, van die gewone soldaat geskryf: "We make the soldier in many cases a fool, because we start with the assumption that he is a fool, and gradually teach him that he is thus to regard himself."<sup>18</sup>

Voor 'n kommissie van ondersoek na die oorlog het byna elke Britse generaal taamlik geringskattend van die gewone soldaat gepraat. Sir Thomas Kenny-Kelly het van die soldaat verklaar dat "his mental qualifications are not up to the general run of European soldiers and the reason of it is, that we get them mostly from a class where education is not looked to as much as it is in Germany and France".<sup>19</sup> Genl. Bruce Hamilton het gesê die Britse soldate was "not anything like so well educated, ..... as the Boers".<sup>20</sup> Lord Methuen het beweer dat die Britse soldaat "in view of the class from which he is taken could never be expected to have the cunning and shrewdness of the Dutchman".<sup>21</sup>

Dit was menings waarmee die twee Britse opperbevelhebbers, lords Roberts en Kitchener, dit heeltemal eens was. Van die Britse soldaat het Roberts voor die kommissie verklaar: "As a fighting man ..... he was not so expert when he met the enemy as he might have been. His individuality has been so little cultivated that his natural acuteness was checked, and his want of resourcefulness ..... was marked. He was the exact opposite of the Boer, especially in his want of knowledge of ground and how to utilise it and also in his defective power of observation. His shooting cannot be described as good."<sup>22</sup>

Kitchener het gesê: "Our men were not so quick and accurate as their opponents in shooting rapidly, but they had not been trained for this during peace time, and could not, therefore, be expected to excel in what the Boers learned to practise from childhood."<sup>23</sup>

Bloot biologies gesien, was die republikeinse burger ver die meerderes van die Britse soldaat. Die Britse generaal H.E. Colvile het die Afrikaners so gesien: "The enemy was an armed mounted nation of men mostly accustomed to an open life, and knowing every inch of the country they were defending."<sup>24</sup> Die republikeinse burger was biologies inderdaad 'n produk van sy omgewing. Hy het geveg op 'n bodem wat hy deur en deur geken het, en in klimaatsomstandighede waarmee hy volkome vertroud was. Die republikeinse burger wat op die eensame veld gebore en getoë was,

- 17. L.S. Amery: *The Times History ....*, II, p.255.
- 18. E.S. May: *A Retrospect of the South African War* (Londen, 1901), p.44
- 19. Britse blouboek Cd 1789, p.43.
- 20. *Ibid.*
- 21. *Ibid.*
- 22. *Ibid.*, p.46.
- 23. *Ibid.*
- 24. *Ibid.*, p.288.

het so na moontlik aan die natuur geleef as waartoe die mens maar enigsins in staat is en dit het aan hom 'n geweldige voorsprong bo sy vyand besorg. Niemand anders kon hom as perderuiter oortref nie en as skut het hy aan die einde van die negentiende eeu sy gelyke nêrens in die wêrelд geken nie. Sy vertroudheid met die natuur, sy kuns as ruiter en sy vermoë om te skiet, het van die republikeinse burger 'n vyand gemaak wat nie maklik aangedurf kon word nie.

Die opsteller van die Britse amptelike geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog konstateer van die republikeinse burgers: "No fighting men have been more ready for war, yet so indifferent to military glory, more imbued with patriotism, yet so prone to fight for themselves alone, more courageous, yet so careful of their lives, more lethargic, or even languid by nature, and yet so capable of the most strenuous activity. Such were the Boers of the veld. In one particular they had never been surpassed by any troops. No Boer but was a bold horseman and a skilled horsemaster."<sup>25</sup>

Van die soldaat na die offisier is 'n enkele stap. Hoe hoër die rang van 'n offisier is, hoe groter is ook die biologiese en geestelike toetse wat in 'n oorlog aan hom gestel word. Dit het dan ook al male sonder tal gebeur dat 'n offisier wat in 'n militêre opleidingskool briljant gepresteer het, in oorlogstyd hopeloos gefaal het om te voldoen aan die eise wat aan hom gestel is. Dit is 'n oorlog wat maar eers aan die lig bring wie 'n veldheer is en wie nie. Hierdie reël sou dan van betrekking wees op sowel die Britse offisiere, wat behoorlike militêre opleiding geniet het, as die republikeinse offisiere, wat nooit sodanige opleiding geniet het nie. Hoe het almal nou die toets deurstaan wat die Tweede Vryheidsoorlog aan hulle gestel het?

'n Mens konstateer 'n heel eenvoudige waarheid wanneer beweer word dat geen enkele Britse veldheer wat aan die oorlog deelgeneem het, sy naam op die erelys van groot veldhere geskryf het nie. Dit geld sowel die hoër as die laer range. Aan die hoof van die Britse magte het agtereenvolgens gestaan genl. R. Buller, lord F. Roberts en lord H.H. Kitchener. Nie een van die drie manne het hulle met militêre roem oorlaai nie. Die oorwinnings wat hulle behaal het, kon deur die aanwending van slegs een enkele faktor bereik word. Dit was deur die sametrekking van 'n oormag wat die republikeinse kommando's soms tot sewevoedig oortref het. Wanneer van so 'n oormag gebruik gemaak word, kan selfs 'n uiters swak militêre aanvoerder oorwinnings behaal.

Onbekwame generaals was daar onders die Britse aanvoerders gewis meer as een. So het Roberts hom verplig geag om binne die bestek van enkele weke twee van sy vernaamste onderbevelhebbers ontslae te raak. Die een was genl. W.F. Gatacre van wie Roberts geskryf het dat hy "has shown a grave want of judgment which must necessarily shake the confidence of those under his orders and have a bad effect on the *moral* of his troops".<sup>26</sup> Die ander was genl. H.E. Colvile.<sup>27</sup>

25. Genl.-maj. Sir Frederick Maurice: *History of the War in South Africa 1899–1902 I* (Londen, 1906), p.74.

26. *Ibid.*, p.615; L.S. Amery: *The Times History ...*, IV, pp.54–55.

27. L.S. Amery: *The Times History ...*, IV, p.257.

Dit was egter nie net die Britte wat swak aanvoerders gehad het nie. 'n Mens konstateer ook 'n eenvoudige waarheid wanneer beweer word dat die meerderheid van die republikeinse bevelhebbers aan die begin van die oorlog alles behalwe vir hul taak bereken was. Onder hulle was kmdt.-genl. P.J. Joubert, genls. S.W. Burger, D.J.E. Erasmus, L.J. Meyer en hoofkmdt. Marthinus Prinsloo. Na die eerste teenslae wat die republikeinse magte in Natal gely het, het Joubert op bedrukte wyse aan die Transvaalse regering getelegrafeer: "Onze zaak is ernstig. Wij zijn evenals Napoleon in der tijd voor Moscow en als onze Heer geen uitkomst geeft, zal het met ons verkeerd gaan."<sup>28</sup>

Die blywende krygsroem van die Afrikaners gedurende die Tweede Vryheidsoorlog rus op wat in die eerste plaas drie manne gepresteer het, nl. L. Botha, J.H. de la Rey en C.R. de Wet en in die tweede plaas op manne soos C.F. Beyers, J.B.M. Hertzog, J.C.G. Kemp, C.H. Muller, W. Malan, J.C. Smuts en D. Theron. Hierdie manne wat nooit enige militêre opleiding geniet het nie, het 'n aangebore krygsvernuf gehad, waardoor hulle almal in staat gestel is om tydens die oorlog na vore te tree en offisiersrang te bereik. Dit word geensins te sterk gestel nie wanneer beweer word dat daar onder die Britse aanvoerders min manne was wat 'n vergelyking met hulle kon deurstaan. Dat hulle nie daarin kon slaag om die oorlog ten gunste van die Republieke te laat eindig nie, moet toegeskryf word aan die oormag waарoor hul teenstanders beskik het. Selfs die bekwaamste veldheer sal nie 'n oorlog kan win indien hy voortdurend teen 'n oorweldigende oormag moetstry nie.

Op nog 'n verskil tussen die twee strydende partye moet gewys word. Dit gaan hier oor die vraagstuk van dissipline. Van al die organisasies van die mens word deur die weermag die grootste mate van dissipline gevorg. 'n Soldaat moet die bevele van sy meerdere gehoorsaam al kos dit sy dood. Sonder strenge dissipline kan 'n leier eenvoudig nie aan sy doel beantwoord nie. Daarom ontvang soldate steeds die nodige opleiding in dissipline en word daar swaar strawwe toegepas op diegene wat bevele nie gehoorsaam nie.

Hierdie dissipline het die Britse soldaat gehad. Wat hom deur sy offisier beveel is, het hy blindelings gehoorsaam. So het dit dwarsdeur die oorlog gebly. Oor gebrek aan dissipline kon daar in die Britse magte beslis nooit gekla word nie. Op twee faktore sou haas elke Britse oorwinning rus: oormag en dissipline.

Omdat die twee Republieke, afgesien van hul klein artilleriekorpse, geen staande leërs geken het nie, was daar vanselfsprekend ook geen geleentheid om die burgers in dissipline op te lei nie. Die mate van gehoorsaamheid wat 'n offisier, 'n veldkornet, 'n kommandant of selfs 'n generaal kon afdwing, het van sy persoonlikheid afgehang. Was hy 'n sterk persoonlikheid — 'n De Wet, De la Rey, Beyers of 'n Smuts — kon hy byna steeds daarin slaag om sekere mate van dissipline uit te oefen. Was hy daarteenoor 'n swak figuur, het sommige burgers sonder om te blik of te bloos sy bevele verontagsaam.

28. J.A. Mouton: Genl. Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis (Argief-Jaarboek, I Pretoria 1957. p.240).

Gebrek aan dissipline was dan ook een van die vernaamste gebreke van 'n republikeinse kommando. Hier hoef slegs aangehaal te word wat die offisiële Duitse geskiedskrywing van hierdie feit te sê het. "By law the Boer was only liable to military service and not to unconditional obedience, so that an order issued ..... was certain to lose all its effects soon, because a leader could only impose his views either by persuasion or argument. Discipline and subordination in the field depended, therefore, entirely upon the good will of the individual, and distant raids, or attacks which would entail heavy losses, were thus rendered impossible. No leader has the actual power to retain against his wish a man tired of fighting."<sup>29</sup>

Die strawwe dissipline waaraan hy onderwerp was, het van die Britse soldaat op die slagveld teen wil en dank 'n klein rat in 'n groot masjien gemaak; hy moes eenvoudig saamdraai. Die republikeinse burger was daar-teenoor 'n masjien self. Hy het vrywel heeltemal selfstandig opgetree en self besluit in welke mate hy aan 'n geveg sou deelneem. Wel het die opstellers van die Duitse geskiedskrywing kon verklaar: "In South Africa the contest was ..... between the soldier drilled to machine-like movements and the man with a rifle working on his own initiative, and so little under control indeed as to be actually unmanagable: War has been proclaimed between rigid formulas and untrammelled healthy common sense."<sup>30</sup>

Die mens is nie bloot 'n biologiese wese nie; hy dra ook 'n gees of siel in hom om. Geestelike eienskappe is vir die mens daarom net so belangrik as fisiese eienskappe soos deur die bekende Latynse gesegde getuig word: *Mens sana in corpore in sano*. Het die Britse soldaat en die republikeinse burger as fisiese wesens van mekaar verskil, ook as geestelike wesens was hulle nie dieselfde nie. Die geestelike verskille wat tussen soldaat en burger bestaan het, het verband gehou met die historiese ontwikkeling van die Britse en Afrikaanse volke en van hul onderskeie posisies in die wêreld aan die einde van die negentiende eeu.

Die voortbestaan van die Britse volk is deur die oorlog in generlei opsig aangetas of in gevaar gestel nie. Vir die Britte was die oorlog eenvoudig 'n militêre botsing soos hulle so dikwels in hul geskiedenis gevoer het. Die skrywer van *The Times History of the War in South Africa* het gekonstateer: "It has been said that the English are a warlike but not a military nation, and English history ..... confirms that remark."<sup>31</sup> Wanneer die Britse volk in 'n veglustige stemming verkeer het, het hy nie geskroom om tot oorlog oor te gaan nie. In so 'n bui het die meerderheid van die Britte in 1899 ongetwyfeld verkeer. Vele Britte het daarna uitgesien om in Suid-Afrika militêre roem en eer te kom behaal. Daartoe het die Darwinistiese beginsel van "the survival of the fittest" hulle verder aangevuur. Die gees waarin die Britte die stryd begin het, is pragtig geïllustreer deur lord Lansdowne, die minister van oorlog, in 'n brief aan sy kollega Chamberlain: "Accept my felicitations. My soldiers are in ecstasies."<sup>32</sup> 'n Mens stel dit daarom nie te sterk nie wanner beweer word dat die Britte die oorlog in 'n gees van ligsinnigheid

29. The German Official Account ..., I, p.14.

30. *Ibid.*, II, p.336.

31. L.S. Amery: *The Times History of the War in South Africa*, II, p.3.

32. J.L. Garvin: *The Life of Joseph Chamberlain*, III (Londen, 1934), p.472.

en lughartigheid begin het. 'n Britse koerant, *The London Standard*, het gewis die algemene gevoel onder die Britte weerspieël toe dit geskryf het: "Against such an army of bayonets, sabres and cannon, what can General Joubert's half-trained mob of irregulars expect to accomplish?"<sup>33</sup> Dit sou die Britte suur bekom. 'n Gees van volksliefde of patriotisme het seker geen enkele Brit besiel om die swaard aan te gord nie, want gevvaar het daar beslis nie gedreig nie. Geen Brit wat aan die oorlog deelgeneem het, het beslis ooit kon voel dat die bestaan van sy land of volk op die spel was nie.

Totaal anders was die gees wat die republikeinse Afrikaners in die oorlog besiel het. Hulle het tot 'n klein volk behoort wat aan die einde van die negentiende eeu nouliks op 'n getalsterkte van 500 000 siele kon boog. Dit het veroorsaak dat die vryheid en voortbestaan van die Afrikaanse volk deur die oorlog wel deeglik op die spel geplaas is. Verlies van die republikeinse vryheid kon maklik die ondergang en verdwyning van die Afrikaanse volk veroorsaak. Terwyl dit by die Britte om roem en prestige gegaan het, het dit by die Afrikaners om die toekoms van hul volk gegaan. Groter kon die verskil in standpunt nouliks wees. Ofskoon die Afrikaners destyds maar op 'n verlede van 250 jaar kon terugkyk, was dit heeltemal voldoende om by hulle die gevoel van 'n eie identiteit en 'n eie nasionalisme te laat ontstaan. Hulle het hul land liefgehad en daarby was hulle in die algemeen diep godsdienstige mense wat geglo het dat die Voorsienigheid ook hul volk 'n bepaalde taak opgelê het.

Die gees wat die republikeinse Afrikaners besiel het, is seker nog nooit beter beskryf nie as deur 'n Brit self. Dit is dr. Conan Doyle. Hy het sy werk oor die Tweede Vryheidsoorlog as volg begin: "Take a community of Dutchmen of the type of those who defended themselves for fifty years against all the power of Spain at a time when Spain was the greatest power in the world. Intermix with them a strain of those inflexible French Huguenots who gave up home and fortune and left the country for ever at the time of the revocation of the Edict of Nantes. The product must obviously be one of the most rugged, virile, unconquerable races ever seen upon earth. Take this formidable people and train them for seven generations in constant warfare against savage men and ferocious beasts, in circumstances under which no weakling could survive, place them so that they acquire exceptional skill in weapons and in horsemanship, give them a country which is eminently suited to the tactics of the huntsman, the marksman and the rider. Then, finally, put a finer temper upon their military qualities by a dour fatalistic Old Testament religion and an ardent and consuming patriotism. Combine all these qualities and all these impulses in one individual, and you have the modern Boer — the most formidable antagonist who ever crossed the path of Imperial Britain. Our military history has largely consisted in our conflicts with France, but Napoleon and all his veterans have never treated us so roughly as these hard-bitten farmers with their ancient theology and their inconveniently modern rifles."<sup>34</sup>

Wel het De Wet op 16 Mei 1902 by Vereeniging kon sê: "De oorlog is

33. J.F.C. Fuller: *The Conduct of War*, p.140.

34. A. Conan Doyle: *The Great Boer War* (Londen, 1901), pp.1—2.

eene geloofszaak. Als ik dit niet in het geloof had kunnen doen, zou ik nooit de wapen hebben opgenomen. Laten wij weer ons verbond met God vast maken.”<sup>35</sup> Hoeveel Britte was daar wat hierdie woorde van De Wet kon nasê?

## 10

### *Strategie en Taktiek*

Dit sal nodig wees om in enkele woorde na die begrippe “strategie” en “taktiek” te verwys. Von Clausewitz definieer strategie as “die gebruikmaking van slae om die doel met die oorlog te bevorder”.<sup>36</sup> Strategie omvat derhalwe die krygsbedrywighede in die breë. Van elke oorwinning moet gebruik gemaak word om die oorlog tot ‘n suksesvolle einde te bring en die uitwerking van elke nederlaag moet tot ‘n minimum beperk word. Taktiek word deur Von Clausewitz gedefinieer as “die gebruikmaking van die militêre magte in ‘n slag”.<sup>37</sup> Dit sluit derhalwe in sake soos die samesetting van die magte om die gevegsterrein, die vuurkrag en die gebruikmaking van die terrein.

Welke strategiese en welke taktiese lesse is daar nou uit die Tweede Vryheidsoorlog te put? Wanneer hierdie vraag gestel word, moet dit noodwendig in verband gebring word met die oorloë wat daarop gevolg het. Die vernaamste hiervan was natuurlik die Russies-Japanse oorlog van 1904—05 en die twee groot wêreldoorloë van die twintigste eeu.

‘n Eerste les wat uit die Tweede Vryheidsoorlog geleer kan word, is van strategiese aard. Dit is die mobiliteit van die strydmagte. En hierdie mobiliteit moet met ‘n bepaalde doel toegepas word. Dit is om in die rug van die vyand te kom ten einde sy verbindingslinies af te sny en hom so totaal te verlam. Toe die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitgebreek het, het die mobiliteit van ‘n strydmag nog steeds afgehang van die spierkrag van dié dier wat reeds sewentig eeue voor die geboorte van Christus deur volke soos die Hetiete en die Hyksos binne die beskawingsgordel gebring is. Dit is die perd. Al die eeue deur het die mobiliteit van ‘n strydmag afgehang van hoe snel daar met perde in bepaalde omstandighede beweeg kon word. Wel kon in die Duits-Franse oorlog van 1870—71 vir die eerste maal van die trein gebruik gemaak word. Die trein is egter hoofsaaklik aangewend vir die vervoer van soldate na die oorlogstoneel. Die rol van kavallerie of ruiterij is daardeur nouliks aangetas. Die trein is in die Tweede Vryheidsoorlog ook gebruik vir die vervoer van burgers of soldate, maar andermaal is die perd daardeur nie verdring nie.

Deur die perd is die republikeinse magte in staat gestel om ‘n peil van mobiliteit te bereik wat beslis nie oortref kon word nie. Die kennis van die Afrikaners van die aardrykskundige omstandighede was ongetwyfeld ‘n vername faktor wat hul mobiliteit verhoog het. Die mobiliteit van die

35. J.D. Kestell en D.E. van Velden: *De Vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit* (Pretoria, 1909) pp. 91—92.

36. C. von Clausewitz, I, boek II, hoofstuk I; boek III, hoofstuk I.

37. C. von Clausewitz, I, boek II, hoofstuk I.

republikeinse magte het dan ook 'n diepe indruk op die Britte gemaak. Die opsteller van die Britse offisiële geskiedskrywing van die oorlog konstaat: "The unrivalled mobility of the Boer armies ..... and the vastness of its theatre of action, gave them a strength out of proportion to their numbers."<sup>38</sup> Die skrywer van *The Times History of the War in South Africa* verklaar dat die republikeinse burgers "were all mounted. It is impossible to exaggerate the advantage their mobility conferred upon them. One has only to see the South African veld to realise how helpless the foot soldier is upon it, and to understand the meaning of the many 'regrettable incidents' that have taken place in this war."<sup>39</sup> Luit-kol. May uit wie se werk reeds aangehaal is, noem die republikeinse kommando's "the most mobile army in the world".<sup>40</sup>

Onder die republikeinse aanvoerders was daar veral twee wat ten opsigte van mobiliteit uitgeblink het. Hulle was die Vrystater Christiaan de Wet en die Transvaler Jan Smuts. Albei wou deur mobiliteit in die rug van die vyand kom om hom so te verlam. Hier sal nou kortlik stilgestaan word by die wyse waarop hulle mobiliteit uitgeoefen het.

De Wet het die mobiliteit wat hom in die rug van sy vyand kon bring, vir die eerste maal in Februarie 1900 beoefen toe hy met 'n klein kommando te doen gekry het met die opmars van Roberts se troepemag wat die terugtog van genl. P.A. Cronje se kommando's langs Modderrivier moes stuit. De Wet het besef dat hy nie by magte sou wees om die Britse oormag te keer nie. Hy het daarom om die Britse regtervleuel geglip en die agterhoede, wat bestaan het uit 'n konvooi met proviand en krygsbehoeftes tot oorgawe gedwing en so byna daarin geslaag om die opmars van Roberts te verlam.<sup>41</sup>

Na die val van Bloemfontein op 13 Maart het Roberts byna twee maande nodig gehad om alles vir sy opmars na Pretoria in gereedheid te bring. Hiervan het De Wet gebruik gemaak om andermaal sy nuwe strategie toe te pas. Hy het op 31 Maart by Sannahspos vlakby Bloemfontein een van sy grootste oorwinnings behaal.<sup>42</sup> Vyf dae later, op 4 April, het hy nog 'n Britse kolonne by Reddersburg tot oorgawe gedwing.<sup>43</sup>

Die suksesse wat hy so in die rug van die Britse magte behaal het, het by De Wet die lus opgewek om sy strategie van mobiliteit op selfs groter skaal toe te pas. In sy boek het hy geskryf: "Ik zag meer dan ooit de noodzakelikheid van achter hen (die Britte) te opereeren." Hy wou die Oranjerivier oorsteek en die Kaapkolonie binneval. Pres. Steyn was egter daarop teen, omdat hy gevrees het dat die Transvalers sou sê dat hulle deur die Vrystaters in die steek gelaat word. De Wet het hieroor aangeteken: "Treurig! Ik had het moeten doen."<sup>44</sup>

- 38. Genl.-maj. Sir Frederick Maurice: *History of the War in South Africa 1899—1902* I, p.74.
- 39. L.S. Amery: *The Times History ...*, II, p.96.
- 40. E.S. May: *A Retrospect of the South African War*, p.151.
- 41. C.R. de Wet: *De Strijd tusschen Boer en Brit* (Amsterdam, 1902), pp.42—46.
- 42. *Ibid.*, hoofstuk IX.
- 43. *Ibid.*, hoofstuk X.
- 44. *Ibid.*, p.122.

Die opmars van Roberts na Johannesburg en Pretoria het De Wet andermaal in staat gestel om in die rug van die Britte op te tree. Op 5 Junie was hulle in Pretoria. Twee dae later het De Wet meer as honderd myl in die rug van Roberts by Roodewal in die Vrystaat, waar al die krygsbehoeftes van die Britte opgehoop was om na Pretoria vervoer te word, 'n nuwe slag geslaan. Hy het weer 'n keer 'n ontsaglike buit gemaak en enige dae lank die rugwaartse verbindings van die Britte afgesny.<sup>45</sup>

By verskeie verdere geleenthede gedurende die oorlog sou De Wet bewys dat hy ten opsigte van mobiliteit beslis nie oortref kon word nie. Hier hoef slegs verwys te word na die wyse waarop hy in Julie—Augustus 1900 deur sy snelheid die een Britse kolonne na die ander wat op hom jag gemaak het, ontwyk het en in hierdie proses getrek het van die Witteberge in die suid-oostelike Vrystaat tot agter die Magaliesberg in die noordwestelike Transvaal. Daar was sy twee mislukte pogings om die Kaapkolonie binne te val van November—Desember 1900 en Januarie—Februarie 1901, toe hy elke keer deur 'n oorweldigende Britse oormag agtervolg is. Alleen die naturelemente in die vorm van swaar reëns en vol riviere het hom in sy doel gestuit.

Smuts het ongetwyfeld die langste enkele tog van alle republikeinse leiers afgelê. Dit het vroeg in Augustus 1901 naby Potchefstroom in Wes-Transvaal begin en dit het pas eers in November van dieselfde jaar naby Vanrhynsdorp in die noordwestelike Kaapkolonie geëindig nadat die kommando dwarsdeur die Vrystaat, die Oostelike Provincie, die Karoo en die suidwestelike distrikte gegaan het.<sup>46</sup> In hierdie lang trek van enige duisende myle is die weg van die kommando van Smuts voortdurend deur Britse kolonnes versper en moes die een geveg na die ander aangeknoop word. 'n Enkele faktor het Smuts elke keer uit die moeilikheid gered. Dit was dat hy 'n veel groter mobiliteit as sy teenstanders kon handhaaf. Nooit kon hulle daarin slaag om hom sodanig te omsingel dat daar vir hom geen uitkomkans was nie. Waar die terrein vir die Britse magte onbegaanbaar was, kon Smuts nog altyd 'n weg vind om te ontsnap en die vyand so van hom af te skud.

Hierdie mobiliteit wat hulle aan die dag gelê het, was ongetwyfeld een van die vernoomste bydraende faktore wat die republikeinse magte in staat gestel het om die stryd so lank vol te hou. Tog kon dit aan hulle nie die eindoerwinning besorg nie en wel omdat hul getalsterkte te gering was. Nooit kon hulle daarin slaag om soveel manne op 'n bepaalde punt van belang saam te trek dat hulle oor 'n oormag kon beskik nie. Dit kon miskien 'n groot wending in die oorlog veroorsaak het indien De Wet met etlike duisende manne die Kaapkolonie in die rug van die Britse magte kon binneval en hul verbindings met die hawens Oos-Londen, Port Elizabeth en Kaapstad volkome afsny. Dit sou die Britte totaal verlam het. Dit sou een van die skitterendste voorbeelde gewees het van wat kapt. B.H. Liddell Hart genoem het "the Strategy of Indirect Approach".

Dit was die laaste fase van die oorlog waarin die republikeinse

45. *Ibid.*, hoofstuk XIV.

46. Vgl. hieroor W.K. Hancock: *Smuts, the Sanguine Years* (Cambridge, 1962), hoofstuk 8; Deneys Reitz: *Commando* (Londen, s.j.), hoofstukke XVIII—XXIV.

kommando's hul mobiliteit tot die hoogste peil gevoer het, wat o.a. die aandag van die bekende Chinese revolusionêre leier aan die begin van die twintigste eeu, dr. Soen Jat-sen, geniet het. Hy het die strategie van die republikeinse magte ideaal vir 'n opstand in China beskou.<sup>47</sup>

Juis omdat mobiliteit so 'n uiters vername kenmerk van die republikeinse magte was, is dit verbassingwekkend dat in die oorloë wat na 1902 ontstaan het, hierdie voorbeeld nie nagevolg is nie. Nog in die Japans-Russiese oorlog van 1904–05, nog in die twee Balkanoorloë van 1912–13 is daar na die mobiliteit van die magte gestreef. In die Eerste Wêreldoorlog van 1914–18 is wel aanvanklik na mobiliteit gestreef, maar met voetsoldate. Dit was daarom geen wonder nie dat die stryd spoedig verstar geraak het in 'n loopgraafoorlog waarin vordering in treeë gemeet is.

Die Eerste Wêreldoorlog het die groot stoot tot die vervaardiging van gemeganiseerde wapens gegee waarvan die tenk een van die vernaamste was. Daarmee kon 'n mobiliteit bereik word wat voorheen onbekend was. In die Tweede Wêreldoorlog sou die tenk sy waarde as gevegswapen voldoende bewys. Daardeur is tussen die twee groot oorloë 'n groot kontras geskep – die een met sy verstarde fronte en die ander met sy steeds beweeglike fronte. Die eerste man wat weer van mobiliteit een van die vernaamste faktore in die oorlogvoering gemaak het, was die Duitse generaal Heinz Guderian. Hy het dit met sy pantsermagte in Pole, Frankryk en Rusland gedoen. Steeds was dit sy strewe, asook dié van sy navolgers, om in die rug van sy teenstander te kom ten einde sy verbindingslinies af te sny en hom so heeltemal te verlam. Dit was derhalwe dieselfde strategie as wat De Wet in die Tweede Vryheidsoorlog toegepas het.

'n Tweede les wat die republikeinse magte die res van die wêreld geleer het, was die benutting van die terrein. 'n Strydmag moet weet hoe hy van die terrein gebruik kan maak om 'n oorwinning te behaal of om 'n moontlike nederlaag af te wend. Die les wat van die republikeinse magte geleer kon word, was om met behulp van die terrein vir die vyand vrywel heeltemal onsigbaar te bly. Die republikeinse burger het oor hierdie vermoë in uitnemende mate beskik. Hierdie feit word dan ook algemeen erken deur skrywers wat 'n studie van die Tweede Vryheidsoorlog gemaak het. Die skrywer van *The Times History of the War in South Africa* het hierdie gebruikmaking van die terrein een van die vernaamste kenmerke van die Afrikaner as krygsman genoem. "To the Boer, looking at things only from the rifleman's point of view, the formation of the ground was the one thing important, the alpha and omega of tactics ..... The ground played the part in Boer warfare that wind, waves and tide played in the naval warfare of the eighteenth century. Skill in the use of it was essential to the Boer as seamanship was essential to the admirals and captains of that day. And the Boer, accustomed to spend his life in the open, was ..... superior in his eye for ground to the British officer and soldier ....."<sup>48</sup> Methuen het weer verklaar: "The Boers ..... made use of ground instinctively, probably from living in

L. Sharman: Sun Yat-sen, His Life and Meaning (University of Stanford Press, 1968) p.66.

48. L.S. Amery: *The Times History* .... II. p.98.

country away from towns, and many of them accustomed to stalking game.”<sup>49</sup>

Hoewel loopgrawe ook in vorige oorloë in gebruik geneem is, het die republikeinse magte nuwe betekenis daaraan gegee. Die Afrikaners het deur hul benutting van die terrein daarin geslaag om loopgrawe vir die vyand vrywel heeltemal onsigbaar te maak. Hiermee is 'n hoogtepunt bereik tydens die bekende gevegte van Magersfontein op 11 Desember en Colenso op 15 Desember 1899.

Die skepping van die loopgrawe by Magersfontein was die werk van genl. J.H. de la Rey. L.S. Amery het hom as volg daaroor uitgelaat: “But the most striking feature of the Boer defences was a single line of trenches excavated on the level ground in front of the kopjes and running right along the foot of the whole range. The conception of this field work, one of the boldest and most original conceptions in the history of war, was again due to De la Rey whose insistence ..... carried the day against Cronjé's contemptuous dislike of innovations. The trenches themselves were made three to four feet deep and narrow — an important feature, designed to give protection from shrapnel fire ..... — and the excavated soil in front was so skilfully masked with tufts of scrub and branches of mimosa that the trenches were scarcely visible a hundred yards away. As a further protection against artillery fire the trenches were pushed forward from 100—200 yards in front of the clearly defined foot of the heights.”<sup>50</sup>

Van die republikeinse verdedigingswerke op die noordelike oewer van die Tugela by Colenso het die opsteller van die offisiële Britse geskiedenis geskryf: “The trenches had been constructed with remarkable ingenuity, so as to be almost invisible from the south bank. They run for the most part along the lower slopes of the great hills on the west and across the flats round which circled the amphitheatre. The only part of these defences which caught the eye from the far side of the river were the tiers of entrenchments covering the Colenso kopjes and especially Fort Wylie.”<sup>51</sup>

Teen hierdie loopgraafstellings het die Britse magte hulle te pletter geloop en swaar verliese gely. Die Afrikaners het getoon dat die gebruik-making van die terrein 'n vername bydraende faktor tot 'n oorwinning kan wees. Methuen, wat by Magersfontein die nederlaag gely het, het later voor die Britse kommissie van ondersoek getuig: “The Boers taught us the advantage of narrow, deep trenches, the lines being scarcely visible. We were at first too apt to show our line of defence. Our men had not much idea of selecting sites for entrenchments, or using configuration of ground to conceal themselves; the officers were not strong on this point.”<sup>52</sup>

Nog tydens die oorlog het luit.-kol. May geskryf: “In his entrenchments, as in all his tactical methods, the Boer aimed most of all, perhaps, at invisibility and his personal safety. His common sense taught him what men

49. Britse blouboek Cd 1789, p.48.

50. L.S. Amery: *The Times History ...*, II, pp.386—87.

51. Genl.-maj. Sir Frederick Maurice: *History of the War* I, p.342.

52. Cd 1789, p.48.

not trained from boyhood in the open fields will take a long time to grasp, viz. that a man concealed from view is usually as safe as behind a parapet.<sup>53</sup>

Veertig jaar later, tydens die Tweede Wêreldoorlog, het die Amerikaanse strateeg Hoffman Nickerson oor die oorlog in Suid-Afrika geskryf: "The chief military lesson of the war was that fronts were unbreakable even when very thinly held. With the help of light entrenchments and their magazine rifles three thousand Boers at Modder River successfully held a front of no less than seven thousand seven hundred yards — less than one man to two and a half yards. At Magersfontein the proportion was five thousand Boers to a front of eleven thousand yards — one man to a little more than two yards. At Colenso four thousand five hundred Boers held a front of thirteen thousand five hundred yards — one man to a little less than three yards. The emptiness of the battlefield already noticed in the American Civil War, became more pronounced. British artillery superiority failed to tilt the scale in favour of the offensive."<sup>54</sup>

Sestig jaar na die oorlog het genl.-maj. J.F.C. Fuller geskryf: "In the small battles fought during the opening months of the war, it became apparent that, due to smokeless powder, the old terror of a visible foe had given way to the paralysing sensation of advancing on an invisible one. A universal terror, rather than a localized danger, now enveloped the attacker, while the defender, always ready to protect himself by some rough earth — or stone-work, was enabled, because of the rapidity of rifle-fire, to use extensions unheard of in former battles, and in consequence overlap every frontal infantry attack." Nadat hy na die gevegte van Modderrivier, Magersfontein en Colenso verwys het, konstateer Fuller dan: "Yet in spite of this human thinness, these fronts could not be penetrated."<sup>55</sup>

Dit bring 'n mens by die derde les wat uit die Tweede Vryheidsoorlog geput kan word. Dit is dié van vuurkrag. Daar is reeds meermale vermeld welke goeie skuts die republikeinse burgers was. Die tyd het nou aangebreek om by hierdie saak stil te staan.

Dat daar geen beter skuts as die Afrikaners aan die einde van die negentiende eeu was nie, is 'n uitvloeisel van die geskiedenis. Elke burger van die twee Republieke het as 't ware met 'n geweer in die hand grootgeword. Om 'n geweer te besit, was sy trots. Daarmee het hy nie alleen wild gejag nie, maar in tye van politieke moeilikhede was dit vrywel die enigste wapen waarmee hy sy land en volk kon verdedig. Daar is dan ook in verskillende distrikte gereeld samekomste gehou waarop die burgers in die skietkuns teen mekaar kon wedywer. Hoe knapper iemand kon skiet, hoe groter was ook die aansien onder sy medeburgers.

Omdat hulle sulke goeie skuts was, het die republikeinse burgers tydens 'n geveg 'n vuurkrag kon uitoefen wat die Britte meestal swaar verliese berokken het. Genl. Bruce Hamilton het later voor die kommissie van ondersoek, waarna reeds verwys is, verklaar dat "the Boers were much better shots" as die Britte.<sup>56</sup> Van die groot republikeinse oorwinning by Spionkop op

53. E.S. May: *A Retrospect of the South African War*, p.84.

54. Hoffman Nickerson: *The Armed Horde* (New York, 1940), p.216.

55. J.F.C. Fuller: *The Conduct of War*, p.140.

56. Cd 1791, p.314.

24 Januarie 1900 het die bekende Britse strateeg Cyril Falls iets meer as vyftig jaar daarna geskryf: "There are not many instances ..... of an attack being pushed home entirely by musketry fire to close quarters and overwhelming the defence without a final charge. It was a high tribute to the magazine rifle, but a still higher one to its handlers. No troops in the world today shoot as the Boers shot at Spion Kop, where a head, a leg or an arm momentarily exposed was hit, and none could carry such a position without supporting weapons. We might call it the supreme day in the history of the rifle."<sup>57</sup>

Dit lê daarom voor die hand dat die frontaanvalle wat die Britse aanvoerders soos Methuen en Buller aanvanklik op hul stellings gedoen het, so reg in die kraam van die republikeinse skerpskutters gepas het. Die gevegte van Modderrivier, Magersfontein, Colenso, Spionkop, Vaalkrans en Pietersheuwel, wat die Britte besonder swaar verliese veroorsaak het, getuig van die dodelike vuurkrag wat uit die lope van die mausers van die republikeinse burgers gevlam het. Vandag nog getuig die talryke begraafphase op die Suid-Afrikaanse heuwels en veldes van die swaar verliese wat die Britse leërmagte in die Tweede Vryheidsoorlog gely het.

Mobiliteit, gebruiknaking van die terrein en 'n ongeëwenaarde vuurkrag — daarin het die sterkte van die republikeinse kommando's gele. So dikwels het hierdie faktor vergoed vir die soveel geringer getalsterkte van die republikeinse magte en was hulle verantwoordelik vir militêre oorwinnings waarop enige volk trots kan wees.

Hier kan nou afgesluit word met die aanhaling van een van die bevindings van die Britse kommissie van ondersoek: "That the Boers should have had the idea, which had not entered the minds of British officers, that great frontier guns could be brought into the field and dragged up steep hills, was attributed by witnesses to the fact that they are a people who are bred from boyhood to manage teams, and understand the art of getting out of them all their power. This skill, like their skill in managing the strength of their riding horses, in entrenching, in scouting, in living without a regular commissariat, appear to be of the natural advantages belonging to men who have lived in a not much developed pastoral country."<sup>58</sup>

## IV

### DIE UITWERKING VAN DIE OORLOG

#### 11

#### *Brittanje*

Daar is veral drie terreine waarop die Tweede Vryheidsoorlog blywende invloed uitgeoefen het. Hulle is die Britse politiek, die internasionale

---

57. Cyril Falls: *A Hundred Years of War* (Edinburgh, 1953), p. 147.

58. Cd 1789, pp. 92—93.

verhoudinge en sekere ideologiese opvattings. Vanselfsprekend moet daar met die Britse politiek begin word.

Daar is in die vorige hoofstuk aangetoon dat vir die Britse leermagte uit die Tweede Vryheidsoorlog weinig roem te behaal was. Was dit nie vir die feit dat die Britte oor 'n geweldige oormag beskik het nie, sou hulle die oorlog nooit gewin het nie. Diep in hul gemoedere het die Britte dit besef en daarom het die vraag dan ook ontstaan waarom 'n oorlog van byna drie jaar gevoer moes word om twee klein republieke ten onder te kry. 'n Amerikaanse skrywer het in latere jare geskryf dat die groot nederlae wat gely is, "fell upon them (die Britte) with a heartrending shock".<sup>59</sup> 'n Gebed wat in een van die Britse koerante verskyn het, het as volg gelui: "O God of Battles who made Our Empire great in war and trade! Vouchsafe in this dark hour Thine aid/ As oft before./ O launch Thy vengeance, long-delayed/ Against the Boer."<sup>60</sup> Tipperend vir die gevoel van onbehaagliheid wat daar in Brittanie geheers het, is dat onmiddellik na die oorlog allerlei gedagtes uitgespreek is oor 'n uiters drastiese opknapping van die Britse verdedigingsapparaat. 'n Eerste stap was dan ook om in Augustus 1902 'n kommissie van ondersoek onder die voorsitterskap van lord Elgin aan te stel. Daar is reeds in die voorafgaande aangehaal hoe Britse militêre leiers in hul getuienis voor die kommissie erken het dat die Britse soldaat in belangrike opsigte nie die gelyke van die republikeinse burger was nie. Van hierdie leiers het immers verklaar dat die soldaat afkomstig was van die laagste klasse van die Britse volk. Hulle het daarom daarop aangedring dat manne vir militêre diens uit 'n veel hoër kring verkry moes word.

Die verslag wat die Elginkommissie in 1903 uitgebring het, beteken in die politieke geskiedenis van Brittanie 'n belangrike keerpunt. Op 'n saak van groot kardinale belang is deur die kommissie klem gelê. Dit was dat "no military system will be satisfactory which does not contain powers of expansion outside the limit of the Regular Forces of the Crown ... If the war teaches anything it is this, that throughout the Empire, the United Kingdom, its colonies and dependencies, there is a reserve of military strength which, for many reasons, we cannot and do not wish to convert into a large standing army, but to which we may be glad to turn again in an hour of need as we did in 1899 ... We regret to say that we are not satisfied that enough is being done to place matters on a better footing in the event of another emergency."<sup>61</sup> Waarop hierdie woorde neergekom het, was dat die Britse volk sy militêre apparaat moes verbeter. Die Britse minister van oorlog, H.O. Arnold-Foster, het dan ook in 1904 erken dat die leër "in its present form is not suited to the requirements of the country or adapted for War".<sup>62</sup>

Selfs nog voordat hierdie verslag gepubliseer is, het twee lede van die kabinet, St. J. Brodrick en lord Selborne, 'n tweede stap gedoen. In 'n memorandum het hulle gevra om 'n koördinerende liggaam wat 'n studie kon maak van "those most difficult and important problems of all, viz: those

59. F.A. Johnson: *Defence by Committee* (Londen, 1960), p.36.

60. *Ibid.*, p.40.

61. Cd 1789, p.89.

62. *The Cambridge History of the British Empire*, III (Cambridge, 1959), p.581

which were neither purely naval, nor purely military, nor purely naval and military combined, but which may be described as naval, military and political".<sup>63</sup>

'n Derde stap was die benoeming van 'n kommissie van ondersoek onder die voorsitterskap van lord Esher om voorstelle vir die hervorming van die departement van oorlog te doen. Hierdie kommissie het in 1904 gekom met 'n verslag wat diep ingrypende veranderings voorgestel het. Daarin is o.m. verklaar: "The Report of the Elgin War Commission revealed a condition of affairs which outraged public feeling throughout the Empire."<sup>64</sup> Onder die vernaamste aanbevelings van die Esherkommissie was die skepping van 'n generale staf vir die Britse leër na die voorbeeld van die ander Europese moondhede en van 'n verdedigingsraad bestaande uit burgerlike en militêre persone. In sy verslag het die kommissie verklaar: "The scientific study of Imperial resources, the co-ordination of the ever-varying facts upon which Imperial rule rests, the calculation of forces required, the broad plane necessary to sustain the burden of Empire, have, until quite recently found no place in our system of government."<sup>65</sup> So is in 1904 uit die aanbevelings van die Esherkommissie 'n liggaam geskep wat as die *Committee of Imperial Defence* bekend gestaan het.<sup>66</sup>

Die betekenis van die rol van hierdie liggaam in die jare tot die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 kan nouliks oorskot word. Het die Tweede Vryheidsoorlog van 1899—1902 op 'n baie duidelike wyse aan die lig gebring dat daar aan die Britse leër 'n reeks ernstige foute en gebreke gekleef het, die *Committee of Imperial Defence* het deur die stappe wat dit gedoen het, gesorg dat, toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 begin het, Brittanie oor 'n deeglik georganiseerde militêre mag beskik het. Vir die Britse leër was die Tweede Vryheidsoorlog inderdaad die noodsaaklike vooroefening wat hom in staat moes stel om aan die Eerste Wêreldoorlog deel te neem.

Die nodige hervormings en organisasie van die Britse leër tussen die Tweede Vryheidsoorlog en die Eerste Wêreldoorlog was die werk van die bekende staatsman lord Haldane. Aan hom was die taak toebedeel om 'n leermag te organiseer wat in staat sou wees om aan 'n oorlog op die Europese vasteland deel te neem. In sy outobiografie het Haldane geskryf: "We had not in 1906 a single division that was a reality. Moreover, the brigades, such as they were, wholly lacked accessories without which they could sustain the strain of war. Their transport was deficient and so were their medical organisations. The field artillery consisted for peace purposes of ninety-nine batteries. But these batteries were seriously short, not only of men in the ranks, but of reserves. Only forty-two batteries could be put in the

63. F.A. Johnson: *Defence by Committee*, p.53.

64. Cd 2002—I, p.1.

65. Cd 1932, p.1.

66. F.A. Johnson: *Defence by Committee*, p.60; *The Cambridge History of the British Empire*, III, p.60; S.R. Williamson: *The Politics of Grand Strategy* (Cambridge, Massachusetts, 1969), p.19.

field, a number which a proper General Staff would have pronounced to be ludicrously inadequate for the Expeditionary Force required.<sup>67</sup>

Die Tweede Vryheidsoorlog verteenwoordig inderdaad in die geskiedenis van die Britse leër die einde van 'n tydperk. Na die Napoleontiese oorloë, wat in 1815 beëindig is, het die Britse leër, met die uitsondering van die Krimoorlog van 1854—56; aan geen enkele oorlog op die Europese bodem deelgeneem nie. Die taak van die Britse leër was die beskerming van die oorsese kolonies of die verowering van nog meer gebied soos in Suid-Afrika. Dit alles kon alleen gedoen word, indien daar op die Britse vloot gesteun kon word. Omdat die vloot ook as vernaamste taak gehad het die beskerming van Brittanie self teen 'n moontlike vyandelike inval, het op die duur in politieke en strategiese kringe 'n verdeling van mening oor 'n uiters belangrike vraag ontstaan.

Daar was manne wat van die standpunt uitgegaan het dat, solank die vloot die see beheers, Brittanie geen vyandelike inval hoef te vrees nie. Sou daar 'n Europese oorlog uitbreek, moes die Britse strategie daarin bestaan dat die vloot die kus van die teenstander sou blokkeer. Die enigste taak van die leër sou wees om die vloot in hierdie oopsig by te staan deur verrassingsaanvalle op die vyandelike kus te doen. Daarom moes Brittanie maar 'n klein leër aanhou en hom feitlik nie met die oorlog te land inlaat nie. Die manne wat hierdie strategie voorgestaan het, het as die "blue water school" bekend gestaan. Kapt. Russell Grenfell het oor die sluiting van die *Entente Cordiale* tussen Brittanie en Frankryk in 1904 die volgende geskryf: "To the British, the Entente in its early form was regarded mostly as a moral gesture, a linking of arms, an assurance of friendship and pledge of solidarity. The idea of material support, either in one form or another, was very much in the background. In the Britain of those days, isolationist sentiment and the instinct for keeping a free hand in matters of foreign policy were strong ... The nation was still essentially naval in outlook. The Navy was the Senior Service and the first line of defence, and upon it 'under the good Providence of God', as the preamble to the naval disciplinary regulations have said for over 200 years, 'the safety, honour and welfare of the realm did chiefly depend'." Grenfell gaan dan voort: "By comparison, the Army was regarded as a secondary weapon. Its generally accepted role was almost exclusively that of the Home defence of the British Isles and of the Overseas Colonies and Possessions. This had been so for a long time, and had been officially on record for at least sixteen years before the conclusion of the Entente." Grenfell haal dan aan wat die Britse regering in 1888 oor die taak van die leër verordineer het. Daar is verklaar dat "the probability of the employment of an Army Corps in the field in any European war is sufficiently improbable" om daarvoor voorsiening te maak.<sup>68</sup>

Tenoor hierdie "blue water school" wat hoofsaaklik uit seemanne bestaan het, het gestaan die "bolt from the blue school" wat weer hoofsaaklik soldate was. Hul standpunt was dat die vloot nie sterk genoeg was om die Britse Ryk as geheel te verdedig nie, dat dit nie die gebied van 'n vyand kon

67. Richard Burdon Haldane: *An Autobiography* (Londen, 1929), p.188.

68. Russell Grenfell: *Sea Power* (Londen, 1941), pp.26—27.

binneval nie en dat 'n sterk leër in die veranderde omstandighede daarom noodsaaklik geword het.<sup>69</sup> Hierdie manne het hulle op die swak vertoning van die Britse leër tydens die Tweede Vryheidsoorlog beroep en op 'n sterk leër aangedring.

Dit sal nodig wees om kortliks na te gaan waarheen hierdie stryd tussen die twee skole die Britse politiek gevoer het, aangesien die Tweede Vryheidsoorlog so 'n kragtige faktor in die veranderde politieke en strategiese opvattinge van so baie Britte was.

Die politieke omstandighede in Europa was inderdaad sodanig dat die voorstanders van 'n sterk Britse leermag daardeur bevorder is. Hieronder sal aangetoon word dat die Tweede Vryheidsoorlog 'n vername faktor geword het in die proses van vervaardiging tussen Brittanje en Duitsland. Daardeur is toenadering tussen Brittanje en Frankryk in die hand gewerk, wat geleid het tot die sluiting van die *Entente Cordiale* op 8 April 1904. Hierop het in Desember 1905 en Januarie 1906 militêre samesprekings tussen verteenwoordigers van die twee moondhede plaasgevind.<sup>70</sup> Die uiteinde van dit alles was dat die Britse regering hom verbind het om, ingeval van oorlog met Duitsland, onmiddellik ses divisies na die vasteland te stuur ten einde die Franse leermagte te help.<sup>71</sup>

Hierdie plan van die Britse regering het 'n botsing tussen die twee skole oor die strategie onvermydelik gemaak. Die vernaamste voorstander van die "blue water school" was admiraal sir John Fisher. Oor die plan om, ingeval van oorlog in Europa, 'n Britse leermag na die vasteland te stuur, het Fisher in 1909 verklaar dat so 'n stap "would be an act of suicidal idiocy arising from the distorted view of war produced by Mr. Haldane's speeches". Selfs nog in 1912 het Fisher beweer dat "the schemes of the General Staff of the British Army are grotesque".<sup>72</sup>

Die leier van die "bolt from the blue school" was genl. sir Henry Wilson. Van hom is deur 'n kennis geskryf: "His vision was focussed upon a single point and in the light of his own conviction he saw that point so clearly that he saw no other ... War was coming to France. The French Army was the substitute for the army which we ought to have, but could not get ... So far as any single individual was able to do so, he committed us definitely to the military support of France on the great day of test. Not only did he commit us to France, but also, to a great extent, to their methods of conducting battle, holding that, as they would be the predominating partner in a Franco-British effort in the field, it was better we should conform to their ways than they should conform to ours, or, that we should adhere too closely to insular views of our own, inspired as they were for the most part by our own experiences of colonial and savage warfare."<sup>73</sup>

Die soldate sou in hierdie belangrike saak, wat 'n kardinale afwyking van die tradisionele politieke en strategiese optrede van Brittanje beteken

69. F.A. Johnson: *Defence by Committee*, p.25.

70. S.R. Williamson: *The Politics of Grand Strategy*, p.61.

71. Russell Grenfell: *Sea Power*, p.41.

72. Russell Grenfell: *Unconditional Hatred* (New York, 1954), pp.7–8.

73. Aangehaal in *The Cambridge History of the British Empire*, III, p.593.

het, 'n oorwinning oor die seemanne behaal. Op 23 Augustus 1911, tydens een van die belangrikste sittings wat die *Committee of Imperial Defence* ooit gehou het, is daar besluit om Frankryk met 'n leermag te steun soos genl. Wilson dit verlang het. Die oorwinning is moontlik gemaak deurdat die lede van die kabinet soos Haldane en Grey die kant van die soldate gekies het.<sup>74</sup>

Hierdie besluit om 'n sterk leer na die vasteland in 'n oorlog te stuur, is in die jare wat op 1911 gevolg het, dikwels besonder skerp deur historici, stratege en ander skrywers gekritiseer, omdat hulle daarin die snelle nedergang van Brittanje as grootmoondheid gesien het. 'n Paar aanhalings uit derglike kritiek sal daarom van pas wees.

In 'n werk wat hy tydens die Tweede Wêreldoorlog in 1941 gepubliseer het, het kapt. Russell Grenfell verklaar: "The extraordinary thing was that when the German desire to become possessed of the magic of sea power has driven Britain into armed opposition, the latter proceeded to turn her back on her maritime armoury and equip herself instead for unlimited warfare on land." In 1954 het hy in 'n tweede boek geskryf: "If the Fleet could be relied upon to keep England safe from attack, as history showed it could, was it not therefore better, if there was any doubt about Britain's security, to strengthen the Fleet until that security was put beyond question, instead of indulging in the unpredictable cost in men and money of Continental warfare on land? For long years during the Napoleonic wars, England had been kept safe by this means. Why not again? These were questions which Mr. Haldane and Sir Edward Grey might have asked themselves as preliminaries to coming to a decision about the French conversations. But such questions clearly never occurred to them. They jumped straight to a superficial assumption which happened to be wrong".<sup>75</sup>

In 1959 is in *The Cambridge History of the British Empire* kort en bondig gekonstateer: "The whole Cabinet thus gave an implicit benediction to Sir Henry Wilson's plans ... By August 1914 detailed schedules for embarking and disembarking the Expeditionary Force, together with train time-tables both in England and France, had been carefully worked out. Either the Force must fight as Sir Henry Wilson wished or else Britain must remain militarily inactive. It was in this manner that Britain abandoned her traditional strategy and became committed to a 'continental' war."<sup>76</sup>

Die skerpste kritiek het waarskynlik van Paul Johnson in 1972 gekom. Van Grey, wat Brittanje so nou aan Frankryk verbind het, verklaar Johnson dat hy "has the sombre distinction of having inflicted more damage on the English people than any man in their history".<sup>77</sup> Oor die besluit om 'n leer ingeval van oorlog na die vasteland te stuur, skryf Johnson: "So the doom of a generation was sealed. For all practical purposes, the British political system might not have existed. The 'frocks' (die Britse staatsmanne) had abdicated. The entire nation had been consigned, bound hand and foot, into the custody

74. F.A. Johnson: *Defence by Committee*, pp.11–16; S.R. Williamson: *The Politics of Grand Strategy*, pp.187–92.

75. Russell Grenfell: *Unconditional Hatred*, p.13.

76. *The Cambridge History of the British Empire*, III, p.594.

77. F.A. Johnson: *Defence by Committee*, pp.373–74.

of the generals. The English people were given the role of stage-extras, to wave flags now, to suffer and be slaughtered later. For all the protection democracy afforded them, they might have been better off living in imperial Germany: there, too, the generals were in command but at least they knew their business.<sup>78</sup>

Omdat hy die see deur middel van sy vloot beheers het, kon Brittanje, nie teenstaande die swak vertoning van sy leër, die Tweede Vryheidsoorlog win. 'n Eerste stap van die Britte was daarom om nie net hul leër te hervorm nie, maar ook om dit te vergroot. 'n Tweede stap wat noodwendig hieruit voortgekom het, was om hierdie hervormde en vergrote leër af te rig vir 'n oorlog op die Europese vasteland, wat 'n volkome awyking beteken het van die tradisionele Britse politiek en strategie. Daar kan dus beweer word dat die Tweede Vryheidsoorlog die eerste prikkel verskaf het aan die Britte om een van die radikaalste veranderings in hul geskiedenis te bewerkstellig — 'n verandering wat hulle na twee uitputtende wêreldoorloë gevoer het en wat so die oorsaak geword het dat hulle nie meer aanspraak daarop kan maak dat hul land 'n grootmoondheid is nie.

## 12

### *Internasionale Verhoudinge*

Die Tweede Vryheidsoorlog sou nie net die posisie van Brittanje in die wêreld beïnvloed nie; dit sou ook 'n kortstondige maar kragtige uitwerking op die internasionale verhoudinge hé. Dit sou so mee help om sake in 'n bepaalde rigting te stuur.

Aan die einde van die negentiende eeu is die Europese politiek deur vier moondhede oorheers: Brittanje, Duitsland, Frankryk en Rusland. Aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan het Amerika al hoe meer begin toon dat hy nie onverskillig staan teenoor wat rondom hom in die wêreld gebeur nie.

Brittanje het, soos reeds in die eerste aflewing vermeld is, nog in sy tydperk van "splendid isolation" verkeer. Hoewel die Jamesoninval en die telegram van gelukwensning wat keiser Wilhelm II op 3 Januarie 1896 aan president Kruger gestuur het, verwydering tussen Brittanje en Duitsland veroorsaak het, het latere gebeurtenisse hulle weer op vriendskaplike wyse laat saamwerk — in so 'n mate dat Wilhelm II in November 1899, toe die Tweede Vryheidsoorlog reeds in volle gang was, 'n staatsbesoek aan eersgenoemde kon bring.<sup>79</sup> So vriendskaplik het dit met hierdie besoek toegegaan dat Chamberlain op 30 November op heel voortvarende wyse in 'n toespraak verklaar het: "The natural alliance is between ourselves and the great German Empire ... I cannot conceive any point which can arise in the future which would bring ourselves and the Germans into antagonism of interests."<sup>80</sup>

78. *Ibid.*, p.377.

79. G.D. Scholtz: *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog* (Johannesburg, 1939), pp.56—58.,

80. J.L. Garvin: *The Life of Joseph Chamberlain*, III, pp.507—08.

Om redes wat reeds genoem is, was die verhouding tussen Brittanje en Frankryk en Rusland nie van aangename aard nie.

In die verskillende kanselarye van Europa het die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog heelwat roering veroorsaak. Oral is die vraag tussen vier mure gestel welke voordeel daaruit behaal kon word noudat die hande van Brittanje deur die oorlog in Suid-Afrika gebonde was. En so is andermaal 'n weinig verheffende vertoning van die Europese diplomasië geopenbaar. Die een moondheid wou die ander voorstoot om hom met die oorlog in te laat. Die doel daarmee was nie om die twee Republieke te help nie. Daar is by voorbaat besef dat, omdat Brittanje die see beheers het, intervensie 'n onbegonne taak sou wees. 'n Moondheid wat in die oorlog tussenbei wou tree, kon slegs sy verhouding tot Brittanje benadeel. Daaruit kon ander moondhede dan vir hulself voordeel behaal.

'n Faktor wat die internasionale verhoudinge nog verder vertroebel het, was die feit dat die Europese volke byna sonder uitsondering heftig anti-Brits was en die saak van die Republieke net soveel gesteun het as wat in hul vermoë was.<sup>81</sup>

Die staatsmanne vanveral drie moondhede was betrokke by die intriges wat ten doel gehad het om mekaar tot intervensie in die oorlog aan te hits: Duitsland, Frankryk en Rusland. Die eerste man wat gemeen het om in troebel water te vis, was die Russiese minister van buitelandse sake, Moerawjef, wat hom op die moment van die uitbreek van die oorlog in Spanje bevind het. In Madrid en in Parys het hy, soos die Britse verteenwoordigers op 24 Oktober en 7 November berig het, geprobeer om die samewerking van Frankryk te verkry "to pursue a policy hostile to England", maar vir so iets was Decassé, die Franse minister van buitelandse sake, nie te vinde nie. Samesprekings wat Moerawjef kort daarna in Berlyn met Wilhelm II en B. von Bülow, die minister van buitelandse sake, gevoer het, het ook niks opgelewer nie.

Tog sou die oorlog in Suid-Afrika die betrekkinge tussen Brittanje en Duitsland begin vertroebel. 'n Eerste gebeurtenis wat daartoe aanleiding gegee het, was die aanhouding in Desember 1899 en Januarie 1900 van 'n paar Duitse handelskepe wat op Delagoabaai gevaaar het. Die Britte wou hulle ondersoek met die oog op moontlike kontrabande vir die Republieke. Dit het by die Duitse publiek, wat so anti-Brits was, groot verontwaardiging verwek met die gevolg dat die regering moes dreig dat, indien die skepe nie vrygelaat word nie, die vastelandse moondhede hulle sou saamsluit om hul belangte see te handhaaf.<sup>82</sup> Daarna het die Britte nie weer Duitse skepe aangehou nie. Die Duitsers was daarvan oortuig dat geen ander moondheid teen Brittanje sou optree nie, indien hulle neutraal sou bly.

Inderdaad was dit so. Dit is daarom dat die Russiese regering vroeg in Januarie 1900 'n tweede poging aangewend het om 'n gemeenskaplike aksie teen Brittanje te begin. Die Russiese ambassadeur in Berlyn het gesprekke met Von Bülow en Wilhelm II gevoer oor so 'n moontlikheid, maar andermaal is niks bereik nie. Al verskering wat verkry is, was dat, indien

81. G.D. Scholtz: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, hoofstuk VII

82. British Documents on the Origin of the War, I, Nrs. 287 en 294.

Rusland in Asië teen Brittanje wou optree, Duitsland 'n welwillende neutraliteit sou handhaaf.<sup>83</sup>

Die oorlog in Suid-Afrika het die Europese staatsmanne inderdaad volop geleentheid gebied om hul lus vir intrige en onderkribery te laat botvier. In die privaat het die Duitsers, die Franse en die Russe mekaar aangehits om die voortou in 'n gemeenskaplike optrede teen Brittanje te neem. Terselfdertyd het hulle dan ook gesorg om voor die Britte vriendskaplik op te tree en die ander van vyandskap teen laasgenoemdes te beskuldig. Die Britte het op hul beurt net so ywerig aan die intriges deelgeneem om verdeeldheid onder die ander te saai. As slim diplomate het hulle goed geweet dat verdeeldheid tussen die vastelandse moondhede die beste waarsborg was dat geen koalisie teen hul land tot stand sou kom nie.

Hierdie politieke spel van die staatsmanne sou in Februarie en Maart 1900 'n hoogtepunt bereik. Die Britte, wat reeds 'n groot oormag saamgetrek het, het reeds sedert die helfte van Februarie 'n reeks oorwinnings in Suid-Afrika begin behaal wat die posisie ten ongunste van die Republieke laat swaai het. Moerawjef was op hierdie tydstip in Parys waar by Delcassé meegedeel het van die voorneme van sy regering om in Berlyn te vra of dit nie 'n geskikte moment was vir gemeenskaplike vertoë tot Londen om die vrede in Suid-Afrika te herstel nie.<sup>84</sup> Delcassé het van die standpunt uitgegaan dat Duitsland die leiding in die saak moes neem.<sup>85</sup>

Op 3 Maart het die Russiese ambassadeur in Berlyn namens sy bewindhebbers 'n nota aan die Duitse regering oorhandig. Daarin is die gedagte uitgespreek dat, noudat die eer van die Britse volk deur die oorwinnings herstel was, "vriendelike vertoë" deur Duitsland, Frankryk en Rusland tot Londen gerig kon word om die oorlog in Suid-Afrika te beëindig.<sup>86</sup> Die Duitsers kon die saak kortgeknip het deur onmiddellik te weier om aan so 'n stap deel te neem. Tog het Von Bülow die Duitse ambassadeur in Petersburg gelas om te antwoord dat, gesien die verhouding van Frankryk tot sy land, daar slegs aan so 'n stap deelgeneem kon word indien die moondhede mekaar hul grense sou waarsborg.<sup>87</sup> Die Duitse voorwaarde het vanselfsprekend veroorsaak dat daar van die Russiese stap niets teregekom het nie.

Keiser Wilhelm II het nog voor die Russiese voorstel aan die Britse ambassadeur geroem dat "I have kept those two tigers (Frankryk en Rusland) quiet"<sup>88</sup> Na die ontvangs van die Russiese nota van 3 Maart het Wilhelm II onmiddellik aan die Prins van Wallis mededeling daarvan gedoen.<sup>89</sup>

Dit het nou vasgestaan dat Brittanje vir sy militêre optrede in Suid-Afrika deur geen Europese moondheid lastig geval sou word nie. Selfs die deputasie bestaande uit A. Fischer, C.H. Wessels en A.D.W. Wolmarans, wat in April 1900 in Europa aangekom het, het niets aan die toestand kon

83. G.P. XIII, Nr. 3548.

84. E. Bourgeois en G. Pagès: *Les Origines et les Responsabilités de la Grande Guerre* (Parys, 1922), p.80.

85. *Ibid.*

86. G.P. XV, Nr. 4472.

87. G.P. XV, Nrs. 4473 en 4476.

88. B.D. I, Nr. 102.

89. Sir Sydney Lee: *King Edward VII* (Londen, 1925), pp.563 – 64.

verander nie. Hoewel die drie manne van Washington in die weste tot Petersburg in die ooste gereis het, was geen regering bereid om aan hul versoek om intervensie te voldoen nie.<sup>90</sup>

Dit sou ook die ervaring wees van pres. Kruger wat op 22 November in Europa aangekom het. Selfs voordat hy daartoe kon oorgaan, het Wilhelm II hom versoek om nie na Berlyn te gaan nie — en dit tot groot ongenoë van die Duitse volk wat stellig verwag het dat iets vir die klein Afrikaanse volk gedoen sou word.<sup>91</sup>

So het eindelik die jaar 1901 oor Europa aangebreek. Op 22 Januarie is koningin Victoria van Brittanie oorlede. Wilhelm II, wat haar kleinseun was, het daarheen gegaan om die begrafnis by te woon. Voor sy terugkeer het hy 'n hoë Duitse militêre orde aan lord Roberts verleen. Andermaal was die Duitse volk hieroor verontwaardig.<sup>92</sup> Dit was volkome duidelik dat Britte en Duitsers vyande in mekaar begin sien het.

Ten spyte van die so oplaaiende gevoel tussen die Britte en die Duitsers is daar tussen die manne van Londen en die manne van Berlyn 'allerlei samesprekings gevoer met die oog op die sluiting van 'n alliansie. Dit sal nie nodig wees om die onderhandelings hier op die voet te volg nie. Dit sal voldoende wees om te vermeld dat daar niks tereg van gekom het nie. Daardeur is die gevoel van vervreemding tussen Brittanie en Duitsland in aansienlike mate aangewakker.

Hierdie vervreemding sou ook in die hand gewerk word deur 'n gebeurtenis wat direk met die Tweede Vryheidsoorlog in verband gestaan het. Dit was 'n toespraak wat Chamberlain op 25 Oktober 1901 in Edinburg gehou het. Hy het ook na die oorlog in Suid-Afrika verwys en verklaar dat nog harder maatreëls toegepas sou word om die stryd tot 'n einde te bring. "I think that the time has come ... when measures of greater severity may be necessary, and ... we may find precedents for anything we may do in the action of those nations who criticise our 'barbarity' and 'cruelty' whose example, in Poland, in the Caucasus, in Algeria, in Tongking, in Bosnia, in the Franco-German war, we have never even approached."<sup>93</sup>

Hierdie uitlating het 'n storm van verontwaardiging in verskillende Europese lande verwek — die meeste nog in Duitsland. Hier was dit so groot dat die Duitse regering hom verplig geag het om protes aan te teken oor die verwysing van Chamberlain na die Duits-Franse oorlog.<sup>94</sup> Daarna sou die spanning tussen Brittanie en Duitsland toeneem totdat die groot uitbarsting in 1914 gekom het.

In die Tweede Vryheidsoorlog is dus ook van die saad gesaai wat in die Eerste Wêreldoorlog tot rypheid gekom het.

### 13

#### *Ideologiese Vertolkings*

#### Die Industriële Revolusie van die negentiendaande eeu het op verskillende

90. G.D. Scholtz: *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog*, hoofstuk III

91. *Ibid.*, hoofstuk IV.

92. *Ibid.*, p.142.

93. L.S. Amery, pp.167—68.

94. G.P. XVIII.

terreine van die lewe eintlik 'n nuwe wêrld geskep. So het o.m. die teenstelling tussen kapitaal en arbeid ontstaan. Die nuwe industrieë wat geskep is en die groot toename van die handel, wat die vrug daarvan was, het gelei tot groei van groot bedrae aan kapitaal, wat in die hande van 'n klein groepie mense gekom het. Dat dit aan hulle groot ekonomiese mag verleen het, lê voor die hand. Aan die ander kant het die industrieë duisende arbeiders gelok wat dikwels teen lae lone en in swak maatskaplike omstandighede hul werk moes verrig. So is veral in die vernaamste Europese lande 'n nuwe klasseverskil in die lewe geroep — dié tussen die besitters of *bourgeoisie* wat alle produksiemiddelle beheer het, en die proletariaat wat eintlik niks meer gehad het nie as net die vermoë om arbeid te verrig.

Uit hierdie nuwe ontwikkeling het verskillende manne allerlei gevolgtrekings gemaak. So is die besitters van kapitaal gesien as mense wat die arbeiders uitbuit om sodoende nog meer rykdomme te versamel. Volgens die beskouings van hierdie manne sou die kapitaliste hulle nie net by die ekonomiese terrein bepaal nie; hulle sou hul geld ook aanwend om die politieke mag in die hande te kry. Wanneer hulle dit bereik het, was hulle in staat om hul surplus aan kapitaal érens in die buiteland te belé om sodoende nog meer skatte te versamel. Omdat die kapitaliste die ekonomiese en politieke mag in die hande gehad het, was hulle in staat om regerings tot oorlog te dwing — 'n oorlog wat moes dien om die belang van die kapitalisme te bevorder en wat tot nadeel van die res van die bevolking gestrek het. Dit was kortliks die standpunt wat gehuldig is deur aanhangars van die Sosialisme of die Kommunisme.

Die Tweede Vryheidsoorlog wat aan die einde van die negentiende eeu uitgebreek het, het die aandag van mense wat een van hierdie ideologieë aangehang het, in die besonder geniet. Vir hulle het dit vasgestaan dat die oorlog ten behoewe van die Britse kapitaliste begin is.

Hierdie mening is voorgestaan deur die Brit J.A. Hobson wat in 1899, net voor die uitbreek van die oorlog, 'n besoek aan Suid-Afrika gebring het en wat die jaar daarop 'n boek gepubliseer het onder die titel *The War in South Africa*. In een van die hoofstukke het hy die vraag gestel: "For whom are we fighting?" Hy het self die antwoord daarop verstrek. Die oorlog word gevoer ten behoewe van die kapitaliste. Hobson skryf: "They have found the need for controlling politics and legislation by bribery and other persuasive arts hitherto: the same need and use will exist in the future. Politics to them will not merely mean free trade and good administration of just laws. Transvaal industry, particularly the mining industry, requires the constant and important aid of the State. The control of large, cheap, regular, submissive supply of labour, the chief corner-stone of profitable business, will be a constant incentive to acquire political control: railway rates, customs' laws, and the all important issues relating to mineral rights, will force them into politics, and they will apply to these the same qualities which have made them so successful in speculative industry. In a word, they will simply and inevitably add to their other businesses the business of politics. The particular form of government which may be adopted will not matter very much. Government from Downing Street may hamper them a little more than the forms of popular representative government; but the judicious control of the

press and the assistance of financial friends in high places will enable them to establish and maintain a tolerably complete form of boss-rule in South Africa." Hobson gaan dan voort: "A consideration of these points throws a clear light upon the nature of the conflict in Pretoria. We are fighting in order to place a small international oligarchy of mine-owners and speculators in power at Pretoria."<sup>95</sup>

Hobson het op hierdie tema herhaaldelik teruggekom. Hy het voorts geskryf: "If this war can be successfully accomplished, and a 'settlement' satisfactory to the mine owners can be reached, the first fruits of victory will be represented in a large, cheap, submissive supply of black and white labour, attended by such other economics of 'costs' as will add millions per annum to the profits of the mines. It is no extravagance to argue that the blood and money of the people of Great Britain are being spent for this purpose ..."<sup>96</sup>

Hierdie siening van die Tweede Vryheidsoorlog as 'n uitvloeisel slegs van die kapitalisme kan vandag nie meer aanvaar word nie. Daar is reeds aange-toon dat die oorlog 'n uitvloeisel was van die feit dat Brittanje sy leidende posisie in die wêreld reeds voor die einde van die negentiende eeu verloor het en dat die oorlog deur Chamberlain en Milner ontketen is met die doel om die Britse aansien en prestige te probeer herstel. Vir hulle het dit gegaan om die posisie van Brittanje as grootmoondheid. Die besit van die hele Suid-Afrika kon dien om die posisie van Brittanje te versterk en om sy ryk te konsolideer.

Hobson sou dit nie by die skryf van 'n enkele boek laat nie. In 1902, net na die einde van die Tweede Vryheidsoorlog, het nog 'n boek van sy hand verskyn onder die titel *Imperialism*. In 'n inleiding wat hy jare later vir 'n nuwe uitgawe geskryf het, konstateer hy: "When this book was written, the conquest of the Boer Republics and the incorporation of these territories in our South African Dominion furnished the latest and most striking example of the imperialist process. Here the directly economic factor was paramount over all the political and humanitarian considerations involved to justify the forceful seizure. The mine-owners of the Transvaal had a definite interest in transferring the country from Boer to British rule, and the press and other political propaganda which secured this end were owned or controlled by these financial and industrial groups."<sup>97</sup>

Dit was Hobson te doen om die noue verband tussen die kapitalisme en die imperialisme aan te toon. As uitgangspunt het hy 'n gesegde van Thomas More uit die sesentiende eeu geneem: "Everywhere do I perceive a certain conspiracy of rich men seeking their own advantage under the name and pretext of the commonwealth."<sup>98</sup> Diegene wat kapitaal besit, streef ook na politieke mag om dit aan hul ekonomiese belang ondergeskik te maak onder die dekmantel dat hulle die bevolking as geheel bevoordeel. Hobson skryf: "By far the most important economic factor in Imperialism is the influence relating to investments. The growing cosmopolitanism of

95. J.A. Hobson: *The War in South Africa* (Londen 1900) bl. 196—97

96. *Ibid.*, p. 240.

97. J.A. Hobson: *Imperialism* (Londen, 1938) pp. IX—X.

98. *Ibid.*, p. 46.

capital has been the greatest economic change of recent generations. Every advanced industrial nation has been tending to place a larger share of its capital outside the limits of its own political area ... and to draw a growing income from this source."<sup>99</sup> Hy het voortgegaan: "It is not too much to say that the modern foreign policy of Great Britain has been primarily a struggle for profitable markets of investment."<sup>100</sup> Hy verklaar dat ekonomiese produksie van sommige lande hul verbruik oortref. Meer kapitaal word geskep as wat binnenslands belê kan word en meer goedere word geproduseer as wat op die binnenslandse mark verkoop kan word. "It is this economic condition of affairs that forms the taproot of Imperialism."<sup>101</sup> Daarom word in die buiteland na belegging vir die surpluskapitaal en na markte vir die verkoop van surplusgoedere gesoek.

Vir sy stellings het Hobson telkemale na gebeurtenisse in Suid-Afrika verwys. Twee voorbeeldelike sal hier voldoende wees. Hy skryf: "To the financiers 'in the know' the Jameson Raid was a most advantageous coup, as may be ascertained by a comparison of the 'holdings' of these men before and after that event; the terrible sufferings of England and South Africa in the war, which was a sequel to the raid, has been a source of immense profit to the big financiers who have best held out against the uncalculated waste, and have recouped themselves by profitable war contracts and by 'freezing out' the smaller interests in the Transvaal. These men are the only gainers from the war, and most of their gains are made out of the public losses of their adopted country or the private losses of the fellow-countrymen."<sup>102</sup>

Hobson skryf voorts: "A distinctively colonial or South African expansion was the policy of the politicians, financiers and adventurers up to the failure of the Jameson Raid; reluctantly they sought the co-operation of British Imperialism to aid them in a definite work for which they were too weak, the seizure of the Transvaal mineral estates; their absorbing aim hereafter will be to relegate British Imperialism to what they conceive its proper place, that of an *ultima ratio* to stand in the background while colonial Imperialism manages the business and takes the profits."<sup>103</sup>

Of Hobson sy tweede boek sou geskryf het indien die Tweede Vryheidsoorlog nie plaasgevind het nie, kan vanselfsprekend nie gesê word nie. Het hierdie oorlog nie uitgebreek nie, sou hy beslis veel minder bewyse vir sy stellings kon aangevoer het.

Byna veertig jaar na die verskyning van die boek van Hobson oor die imperialisme het die bekende Britse professor in ekonomie, Lionel Robbins, in sy werk *The Economic Causes of War* die volgende oor hom geskryf: "Mr. Hobson's influence has far transcended that of any other writer on these subjects, save perhaps Lenin. It is probably from him rather than from the orthodox communists that the majority of lesser writers, economic historians and general political journalists have, directly or indirectly, absorbed the view that it is capitalism which in our time is responsible for international

99. *Ibid.*, p.51.

100. *Ibid.*, p.53.

101. *Ibid.*, p.81.

102. *Ibid.*, p.58.

103. *Ibid.*, p.346.

war. Whether this drastic conclusion is indeed to be drawn from Mr. Hobson's own reserved and qualified statements is perhaps an open question. But of the importance of his work in the formation of the intellectual atmosphere of our time there can be no doubt.”<sup>104</sup>

Een van die ywerigste lezers van die boek *Imperialism* van Hobson was die bekende Kommunistiese leier Lenin. Die lees van hierdie boek het hom geïnspireer om self na die pen te gryp en 'n boek te skryf wat in Engels vertaal is onder die titel *Imperialism the Highest Stage of Capitalism*. Nadat hy die boek van Hobson in 1916 gelees het, het Lenin gemeen dat die imperialisme die laaste fase van die kapitalistiese tydperk was.

In sy voorwoord het Lenin verklaar dat hy met die skrywe van sy boek “made use of the principal English work, Imperialism, J.A. Hobson's book, with all the care that, in my opinion, that work deserves.” Lenin het sy geskrif as volg begin: “During the last fifteen or twenty years, especially since the Spanish-American War (1898), and the Anglo-Boer War (1899—1902) the economic and also the political literature of the two hemispheres has more and more often adopted the term ‘imperialism’ in order to define the present era. In 1902, a book, *Imperialism*, was published ... This author, who adopts the point of view of bourgeois social reform and pacifism which in essence, is identical with the present point of view of the ex-Marxist K. Kautsky, gives an excellent and comprehensive description of the principal economic and political characteristics of imperialism.”<sup>105</sup>

Lenin het in aansienlike mate op die werk van Hobson gesteun en ook telkemale daaruit aangehaal. Met 'n enkele voorbeeld kan hier volstaan word. “With the Boer War fresh in his mind, Hobson describes the connection between imperialism and the interests of the ‘financiers’, the growing profits from war contracts, etc., and writes as follows: ‘While the directors of this definitely parasitic policy are capitalists, the same motives appeal to special classes of the workers. In many towns, most important trades are dependent upon government employment or contracts; the imperialism of the metal and shipbuilding centres is attributable in no small degree to this fact.’”<sup>106</sup>

In die laaste hoofstuk bespreek Lenin die plek van die imperialisme in die geskiedenis. Volgens hom het die imperialisme die stadium begin waar die kapitalisme aan verrotting ly en gevolglik ook ten onder moet gaan. Lenin skryf: “Monopolies, oligarchy, the striving for domination instead of the striving for liberty, the exploitation of an increasing number of small or weak nations by an extremely small group of the richest or most powerful nations — all these have given birth to those distinctive characteristics of imperialism which compel us to define it as parasitic of decaying capitalism.”<sup>107</sup>

Aan hierdie stelling van Lenin oor die imperialisme hou die aanhangers van die Kommunisme vandag nog vas. Vanuit 'n historiese oogpunt is dit daarom interessant om te weet wat die oorsprong van hierdie besondere

104. Lionel Robbins: *The Economic Causes of War* (Londen, 1939), p.28.

105. Lenin, p.7.

106. *Ibid.*, p.98.

107. *Ibid.*, p.119.

opvatting van die Kommuniste is. Die oorsaak van die Tweede Vryheidsoorlog is deur 'n Brit gesien as 'n gebeurtenis wat uit die imperialisme voortgevloei het. Die groot dryfveer van die imperialisme in hierdie oorlog was, volgens hom, die kapitalisme. Daaraan wy hy dan twee boeke. Hierdie opvatting van die verbintenis tussen die imperialisme en die kapitalisme maak op die vernaamste Kommunistiese leier so 'n indruk dat hy ook 'n geskrif die lig laat sien waarvolgens die imperialisme die laaste stadium van die kapitalisme is. Die kapitalisme word daardeur verrot en moet noodwendig vir die Kommunisme plek maak.